

Die Nederduitsch Hervormde Kerk se sendingwerk 1928–1967: Van besinning tot daad

DJC van Wyk

Abstract

The missionary work of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 1928–1967

In this article a short review is given of the missionary work of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika during the years 1928 to 1967. Simultaneously it focuses on the exceptional work and contribution of Professor PS Dreyer as member and chairman of the Missionary Board of this Church during the years 1954–1967.

'n Uitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* wat die werk van prof PS Dreyer as teoloog en filosoof huldig, sal in hierdie intensie misluk, indien daar nie ook deeglik gehandel sou word oor die inset wat dié man oor langer as dertig jaar ten opsigte van die Nederduitsch Hervormde Kerk se sendingwerk gemaak het nie.

Die naam PS Dreyer word die eerste keer in die notules van die Raad vir die Evangelisasie van die nie-Christelike volke raakgelees in die notule van 'n vergadering van dié liggaam wat op 24 Junie 1954 in Krugersdorp gehou is. Tydens die konstituering van dié vergadering is hy tot onder-voorsitter van dié liggaam verkies. Tydens 'n vergadering van dieselfde Raad gedurende 1957 is hy tot voorsitter verkies. Die voorsitterstoel van dié liggaam (tans die Sendingraad) beklee hy steeds.

As vertrekpunt in hierdie artikel word die jaar 1928 geneem. Die bedoeling daarmee is om aansluiting te vind by die punt waar prof HG van der Westhuizen in sy doktorske proefskrif geëindig het. In dié proefskrif het hy die aanvanklike houding van die Nederduitsch Hervormde Kerk ten opsigte van sending histories-krities nagegaan.

As eindpunt word in hierdie artikel die jaar 1967 geneem. Dit is die jaar waarin ds JAP van Tonder die werk as superintendent vir die Kerk se sendingwerk by prof Dreyer oorgeneem het. Hoewel prof Dreyer steeds voorsitter van die Sendingraad gebly het, dui dié datum in 'n sekere sin op die afsluiting van 'n bepaalde fase in die Kerk se sending-

werk. In *Die Almanak* van die Nederduitsch Hervormde Kerk (1987) sal prof SJ Botha in 'n artikel die lig veral op die periode na 1967 laat val.

Wat verder in hierdie artikel aangebied word, kan binne die gevraagde bestek slegs 'n kort oorsig bied en is geensins 'n volledige geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk se sendingwerk sedert 1928 of van die voorgeskiiedenis van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika nie.

1. STAND VAN SAKE TEEN 1928

Die ontwikkelinge en gebeure wat gelei het tot die stigting van die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap in 1929 is reeds deur verskeie skrywers geskets. Dit is onder andere gedoen deur J van Melle in 'n publikasie gedurende 1935, getitel *Ontstaan en bedoeling van die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap*. Dit word ook weergegee deur PS Dreyer in sy publikasie *Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Sending* uit die jaar 1957. Dit is verder volledig verantwoord deur HG van der Westhuizen in sy doktorsale proefskrif in 1969.

Dié geskiedenis kan dus maklik nagegaan word en word daarom nie hier volledig behandel nie. Opsommend kan met die volgende paar opmerkings volstaan word.

- Teen 1928 het die Kerk 'n gulde geleentheid gehad om met daadwerklike sendingwerk onder die Zoeloes in Natal te begin. 'n Bestaande gemeente van tussen drie- en vierhonderd lidmate onder leiding van leraar Andrew Mlaba te Lufafa het sterk pleidooie gelewer om onder die toesig van die Nederduitsch Hervormde Kerk te kom. Dié leraar en gemeente het in 1928 op prinsipiële gronde van die Free Church of Scotland weggebreek. Hulle het hulle tuisgevoel in die Hervormde klimaat en instemming met die Nederduitsch Hervormde Kerk se teologie asook dié Kerk se sendingbeleid betoon. Hulle het van die Kerk erkenning en dan ook hulp in die opleiding van leraars verlang (Van der Westhuizen 1969: 21–29). Daar kan weinig twyfel bestaan dat die motiewe van Mlaba en sy volgelinge eerbaar en opreg was.
- Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1928 kry 'n voorstel dat die Nederduitsch Hervormde Kerk voogdyskap oor die Zoeloe-gemeente van Lufafa sal aanvaar, egter geen steun nie. 'n Voorstel van dr HCM Fourie dat die Kerk individue wat vir die saak voel, vry laat om buite die Kerk om, dus onoffisieel sending te behartig, is met 'n

klein meerderheid aanvaar (Van der Westhuizen 1969: 29–31). Dit is duidelik dat dr Fourie sterk oor die saak gevoel het. Hy het voor 1928 reeds twee besoeke aan die sendingveld in Natal gebring; een op versoek van die Algemene Kommissie en een op versoek van Mlaba. Hy was uitgesproke en sterk in sy optrede ten gunste van die uitvoering van die Kerk se sendingopdrag. Hierdie voorstel was sekerlik vir hom die tweede beste. Maar hy het soos ook uit sy voorstel blyk, hom daarby neergelê dat in die gegewe omstandighede die tyd nog nie vir die Kerk reg was om daadwerklik met sending te begin nie. Dit was in elk geval vir hom duidelik dat die Kerk nog nie ryp was vir 'n positiewe besluit in verband met die sending nie.

- Al bogenoemde outeurs beklemtoon dat die Nederduitsch Hervormde Kerk al die tyd genadiglik daarvan gespaar gebly het om hom prinsipiëel teen die sending uit te spreek. Telkens was daar voorstelle en selfs meerderheidsrapporte met dié strekking voor Algemene Kerkvergaderings. Elke keer het die Kerk egter geweier om hom prinsipiëel teen sending uit te spreek; is die saak terugverwys na Sending- of Ondersoekkommissies; of is volstaan met die uitspraak dat die tyd, vanweë 'n hele reeks faktore, nog nie vir die Kerk ryp was om met sendingwerk te begin nie.

Hoeveel begrip en simpatie 'n mens ook al vir al dié faktore mag hê, kan hier met geen ander konstatering as dié een volstaan word nie: Die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk sedert sy aankoms en vestiging in die noorde van die land tydens die Groot Trek vir 'n eeu lank wesenlik niks aan sy sendingopdrag gedoen het nie, dui op ernstige nalatigheid en skuld. Sterker skuldbelydenis dááror sal vir dié Kerk gepas wees.

2. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SENDINGGENOOTSAP

Soos aangetoon, het die Algemene Kerkvergadering van 1928 besluit dat die tyd nie ryp is dat die Nederduitsch Hervormde Kerk self begin met sendingwerk nie, maar dat individue vry is om hulle buite die Kerk op 'n onoffisiële basis vir die sending te beywer.

As uitvloeisel van hierdie besluit het die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap in November 1929 tot stand gekom. Ten einde die reg te verkry om eiendomme op hulle naam te bekom, is besluit om die Genootskap as 'n maatskappy te registreer. In 'n brief van ds S Vermoeten aan ds LE Brandt word verwys na die spot wat deur die *Daily Mail*

gedryf is met die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap Edms Beperk (Vermooten 1929). Dié spot het waarskynlik gespruit uit die verwysings na koop en verkoop in die Oprigtingsakte.

Teen die agtergrond van die rol wat sendinggenootskappe in die negentiende eeu gespeel het, is dit begryplik dat dié manne teen 1929 aan 'n sendinggenootskap gedink het as 'n manier om onoffisieel, buite die Kerk om, sending te doen, hoewel hulle nie getwyfel het dat dit in werklikheid die Kerk se taak is nie.

Die inisiatief tot die stigting van die Genootskap het veral uitgegaan van dr HCM Fourie, ds S Vermooten en ds LE Brandt. Dié drie sou ook later onderskeidelik as voorsitter, skriba en penningmeester van die Genootskap dien.

Die bedoeling was uit die staanspoor dat die Sendinggenootskap die werk wat te Lufafa in Natal aan die gang was, moes oorneem. Dit is gesien as 'n geopende deur waar daar dadelik met sendingwerk begin kon word (Vermooten 1928). In 'n verslag van dr Fourie aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in 1927 het hy besonder gunstig oor dié situasie gerapporteer. Hy het beklemtoon dat dit nie in die eerste plek om geldelike steun gaan nie. Die Zoeloe gemeente van leraar Mlaba wil ook geensins gelykstellig hê nie, maar wil onder toesig van 'n blanke Kerk apart en selfstandig ontwikkel (Fourie 1927). Omdat daar ook groot uitbreidingsmoontlikhede gesien is, was dit vanselfsprekend dat die Sendinggenootskap hom na dié gebied as sendingterrein sou wend.

As direkteure van die Genootskap sou optree bogenoemde drie predikante, asook die here W van Namen en JW Gehle. Die aandeelhouders was dr HCM Fourie, ds LE Brandt, ds S Vermooten, ds CH Rautenbach en die here JW Gehle, W van Namen, J van Melle, H Sondorp, AH Koomans en BJA Lingbeek. Daar is ook besluit om omsendbriewe uit te stuur om 'begunstigers' en lede te werf. Naas dr Fourie en di Brandt en Vermooten was dit J van Melle wat, veral op 'n later tydstip, aktief by die Sendinggenootskap se werk betrokke sou raak.

In die Akte van Oprigting is die doelstellings van die maatskappy soos volg omskryf:

- (a) Die verkondiging van die Evangelie aan die Heidene, volgens die belydenis en beginsels van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika.
- (b) Bearbeiding van die Naturelle deur Naturelle onder leiding, toesig, beheer en bestuur van die Maatskappy.

- (c) Die vestiging en organisasie van natuurlike gemeentes tot 'n selfstandige kerk.
- (d) Die opleiding en doen orden van Evangeliste en leraars uit die Naturelle vir die Naturelle gemeentes.
- (e) Enige opleidingsinstituut op sy tyd oor te maak aan die kerk as gemeld onder (o) hiervan.
- (f) 'n Ope deur te soek vir sendingwerk en deur geskikte middele die deur oop te hou vir die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika.
- (g) Liefde te wek en te kweek vir die sendingwerk onder die lidmate van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika.
- (h) Hulp en bystand te verkry vir die sendinggenootskap en vir die sendingwerk.
- (i) Sodanige propaganda te maak vir die sending as die Bestuur mag goedkeur.
- (j) Die bate en laste van die Maatskappy oor te dra aan die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika, as sy mag besluit om die sending kerkelik te drywe na tevredenheid van die Bestuur van die Maatskappy.
- (k) Die besigheid te drywe van algemene handelaars, molenaars en sodanige andere besigheid as die Bestuur mag besluit.
- (l) Roerende en onroerende goedere te verkry deur koop, ruil of donasie of huur en hierdie of deel daarvan te vervreem, deur verkoop, ruil of donasie, of verhuur.
- (m) Gelden te leen of uit te leen en daarvoor respektiewelik sekuriteit te gee of te noem of die besigheid te doen sonder sekuriteit.
- (n) Boerdery-besigheid te drywe in die mees uitgebreide sin.
- (o) Al die voorlopige of bykomende onkoste en uitgawe te betaal, gemaak in die oprigting en registrasie van die Maatskappy.
- (p) Al sodanige andere sake en dinge te doen as voordelig of dienstig mag wees vir die uitvoering van die doeleinde van die Maatskappy ... (Ned Hervormde Sendinggenootskap 1929).

Gedurende Maart 1930 is 'n ooreenkoms tussen die Sendinggenootskap en die 'Hervormde Zoeloe-gemeente' van Natal aangegaan. Daarin word die voorwaardes uiteengesit waarop die Sendinggenootskap die toesig en beskerming oor die werk te Lufafa oorneem. Daar is ook besluit om aan leraar Mlaba 'n akte van aanstelling te gee (Ned Hervormde Sendinggenootskap 1930).

In die paar jaar wat sou volg, het die werk in Natal oënskyklik

bestendig gevorder. Daar was gereelde briefwisseling tussen leraar Andrew Mlaba en die lede van die bestuur van die Sendinggenootskap, veral ds LE Brandt. Verskeie besoeke is aan die sendingveld gebring, onder andere deur dr Fourie en ds Brandt in 1929, weer deur dr Fourie in 1929 en 1931 en ook deur ds Brandt in 1931. Aan die begin van 1935 is die gebied nog 'n keer deur dr Fourie en J van Melle besoek.

Na afloop van laasgenoemde besoek skryf Van Melle in 'n brosjure waarin hy poog om opnuut belangstelling te wek vir die werk van die Sendinggenootskap:

... Hierdie besoeke dien om Mlaba voorligting te gee in sy werk om hom en sy gemeente aan te moedig, en om verslag te bring aan die Genootskap. Daar bestaan op die oomblik 6 klein afdelings met Mlaba as hulle gemeenskaplike predikant, en wat saam ruim vyfhonderd lidmate tel. Die grootste daarvan is aan die Lufala* daarna die op New Canaan waar Mlaba woon, verder vier of vyf kleinere op Weenen, op Dronkvlei wat naby Donnybrook is, op Highflats, en op Bulwar. 'n Afdeling is enkele jare gelede gestig by Mzumbi naby Port Shepstone, maar daardie afdeling is daarna nie meer besoek nie behalwe nou met Nuwejaar toe ouderling Juli daarheen gegaan het.

Die afdelings lê ver uitmekaar, so is bv die afstand van Weenen na die Lufala 130 myl. Die ander afdelings lê nader bymekaar, maar tog is die afstand van New Canaan na High Flats bv ook nog veertig myl. Dit maak die bearbeiding natuurlik moeiliker. Ewenwel is die band tussen die verskillende afdelings sterk en baie lede loop soms dae lank om 'n kerkdiens in 'n ander afdeling by te woon.

Mlaba word in sy werk bygestaan deur drie evangeliste waarvan een vroulike, verder deur tien ouderlinge, vyf diakens, en ses vroulike diakens; ook deur sogenoemde voluntiers wat uitgaan om die heidene in hulle statte te besoek en hulle die evangelie te verkondig. Mlaba is die enigste onder hulle wat die sakramente mag bedien, maar aan die ouderlinge en evangeliste word toegelaat om toesprake uit Gods Woord te hou. Die indruk van diegene wat die Naturellegemeente besoek het, was nog altyd gewees dat daar deur Mlaba en sy helpers goeie werk gedoen word. Behalwe sommige lede op Weenen wat vroeër onder die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk was, het almal deur Mlaba se bearbeiding uit die heidendom tot die Christelike geloof gekom. Daar is onder hulle kennelik 'n gees van

* Van Melle skryf telkens só i p v Lufala.

vriendskap en 'n gevoel van Christelike saamhorigheid. Ook die morele lewe staan hoog en vegpartye en dronkenskap kom onder hulle nie voor nie.

Die Genootskap stuur so nou en dan 'n klein geldelike bydrae aan Mlaba. Dit was oorspronklik die voorneme gewees om hom 'n salaris van £2 per maand uit te keer, alhoewel dit nie vir vas aan hom beloof is nie, maar deur gebrek aan middele kon die plan nie heeltemal uitgevoer word nie (Van Melle 1935: 10).

Ten opsigte van die Genootskap se sendingbeleid skryf Van Melle in dieselfde brosjure:

... Ook eer hulle die kaptein en hulle bly ook in ander opsigte meer Zulu as die Christene van ander sendinggemeentes. Die Genootskap wil hierdie houding aanmoedig want dit is glad nie ons bedoeling om die Naturelle se stamverband te verswak en hulle te denasionaliseer nie (Van Melle 1935: 11).

Hy vermeld verder dat daar op dié tydstip twee takke van die Sendinggenootskap bestaan, naamlik in Pretoria en Johannesburg. Hy pleit dat sendingvriende in gemeentes moet byeenkom om verdere takke te stig.

Omdat daar besef was dat leraar Mlaba oud is, is reeds in 1930 deur die Genootskap voelers na die Stofberg Gedenkskool uitgestuur met die oog op opleidingsfasiliteite (Vermooten 1930).

In 1931 is 'n skrywe van ds AM Hofmeyer van die Gedenkskool ontvang met die mededeling dat die Genootskap 'n evangelis daar sal kon oplei, mits aan al die voorwaardes van die inrigting voldoen sou word (Ned Hervormde Sendinggenootskap 1931).

Gedurende die eerste helfte van 1931 het dr Fourie weer 'n besoek aan die Sendingveld in Natal gebring. Hy was op dié stadium lid van 'n regeringskommissie wat ondersoek moes instel na die ekonomiese posisie van Swartmense. Dit het hom geleentheid gegee om heelwat te reis, ook na Natal en hy het die geleentheid gebruik om by leraar Mlaba te Lufafa uit te kom.

Intussen het die inspirasie by sommige van die lede van die Sendinggenootskap begin taan. Dr HCM Fourie het na Groot Marico verhuis en was intens betrokke by die vertaling van die Bybel in Afrikaans. In briewe aan ds LE Brandt kla hy oor die absolute gebrek aan belangstelling wat daar vir die sendingwerk in die Kerk bestaan. H Sondorp het in 1931 as aandeelhouer bedank en JW Gehle spreek in 'n

brief ook sy bitter teleurstelling uit oor die gebrek aan belangstelling en publisiteit, asook oor die feit dat daar na sy mening te min vergaderings gehou is. Die finansies het aanhoudend groot sorges gebring. Mlaba kon nie betaal word nie. Bowendien was hy baie oud en vir baie lang tye is niks van hom gehoor nie. Telkens moes navraag gedoen word of hy nog leef. Pogings om grond van die staat in die sendinggebied te bekom, kon nie slaag nie.

In 1937 is besluit om die Maatskappy te ontbind omdat die hoofrede vir die oprigting daarvan, naamlik om grond te bekom, nie verwesenlik kon word nie (Vermooten 1938). Hoewel enkele lede onder wie ds Brandt, asook die here Van Namen en Van Melle nog met die Genootskap probeer voortgaan het, wil dit voorkom of alle werksaamhede teen ongeveer 1939 finaal doodgeloop het.

Die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap het niks groots of skouspelagtig bereik nie. Nogtans moet die betekenis van dié onderneming nie geringskat word nie. Die Genootskap het die sendingtaak ter hand geneem op 'n tydstip toe die Kerk self nog afsydig daarteenoor gestaan het. Daarbenewens is die werk in Natal aan die gang gehou en dit sou vir die Kerk 'n bruikbare vertrekpunt vorm toe hy wel uiteindelik sou besluit om die sendingtaak ter hand te neem. Dit was 'n oorbruggingstydperk – soms gepaard met baie teleurstellings en frustrasies vir die betrokkenes. Maar dit was nie ydel en sonder betekenis nie.

... En aan al die vriende wat lid word van ons Genootskap wil ek net dit sê: In hierdie werk is geen eer of baantjies te behale nie. As U nog nooit 'n geleentheid gehad het tot selfverloëning nie, dan sal U in hierdie Sendinggenootskap geleentheid genoeg kry ... (Van Melle 1935: 3).

Dié woorde het dr HCM Fourie in 1935 in 'n voorwoord tot die brosjure van J van Melle geskryf. En van betrokkenheid in die Kerk se sendingtaak het dit waar gebly, vandag nog.

3. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE EVANGELISASIE- VERENIGING

Vandat die werksaamhede van die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap aan die einde van die dertigerjare doodgeloop het, het daar vir die sendingpoging in Natal 'n bitter moeilike tydperk aangebreek. Eers in 1945 sou daar weer duideliker rigting kom.

In Mei 1942 het 'n Komitee, bestaande uit di JJ Prinsloo, PJ Smit, AJ Nolte en die here J van Melle en W van Namen 'n byeenkoms van Hervormde predikante in Johannesburg byeengeroep. Daar is die Nederduitsch Hervormde Evangelisasie-Vereniging gestig. Die bedoe-ling was om die sendingwerk in Natal voort te sit. Van elke predikant in die Kerk is gevra om 'n tak van die Vereniging in eie omgewing te stig. Elke tak moes jaarliks ten minste £20 in die algemene kas stort. Die professore sou gevra word om te help met die opleiding van evange-liste. Die ideaal was ook om die werk te organiseer onder leiding van 'n blanke evangelis.

In dié tyd het die Evangelisasie-Vereniging baie hulp ontvang van mnr JH Labuschagne wat in die sendinggebied in Natal woonagtig was en wat hom saam met sy vrou aktief vir die sending beywer het.

'n Verslag van die heer Labuschagne wat in Desember 1942 voor die Hoofbestuur van die NHEV in Johannesburg gedien het, weerspreek die situasie wat op dié tydstip in die sendinggemeente geheers het:

1. **Gemeente Lufafa:** is ongelukkig in 'n treurige toestand aangesien hulle baie verdeeld is op die oomblik. Die meeste van die lede het oorgegaan na die American Mission Board, wat dan ook die gebou in beslag geneem het, wat op die oomblik geregistreer is in die naam van die Nederduits Hervormde Kerk van Natal. Ek het die Kerkraad bymeakaargeroep en hulle laat alles oor vir die Kom-missie om stappe te neem of nie. Ek het 'n prokureur van Ixopo geraadpleeg, Mnr. Bulcok, en hy is bereid om die saak dadelik op te neem indien die Kommissie dit verlang.
2. Die gemeente **New Canaan** is baie ernstig en hulle kry byna elke dag nuwe lidmate.
3. Die gemeente **Weenen** gaan dit ook baie goed mee en groei ook by die dag.

Ek was baie opgenome om te sien dat daar so baie erns onder die naturelle bestaan aangaande die Kerk. Hulle is ook baie trots om aan die Nederduits Hervormde Kerk te behoort.

Ek het die Kerkraad geraadpleeg insake Andrew Mlaba en hulle is van mening om hom nie af te sit nie, daar hulle bevrees is vir 'n skeuring. Ek het Mlaba persoonlik gewaarsku om getrou te wees aan die Kerk en as daar enige klagtes kom hy dadelik sou moes aftree. Hy is ook baie angstig om nog aan te bly, en belowe om alles in sy vermoë te doen vir die Kerk. Andrew Mlaba het Moses Madonda vroeër Evangelis in die Kerk toe bevestig as Predikant

om hom tot hulp te wees. Mhlane was ongelukkig nie tuis nie, maar in hospitaal in Durban en kon ek hom toe nie sien nie. Die kerkraad kla net dat hulle nie fondse het om die Predikante mee te betaal nie en ek sou graag wou aanbeveel dat ons so gou moontlik fondse kry om aan te stuur. Ek moet dan ten laaste, namens die Naturelle Gemeentes, my hartelike dank oor bring aan die Kommissie vir al die belangstelling, maar besonder aan Mnr van Melle wat hulle persoonlik ontmoet het. Ek kan Mnr van Melle verseker sy naam word orals genoem waar ek gewees het en al die naturelle wil hom graag weer sien . . . (Labuschagne 1942).

In 1943 is ds LM le Roux as voorsitter van die NHEV verkies. Veral J van Melle het hom steeds sterk vir die sendingwerk beywer en met takke van die Vereniging lewendige korrespondensie onderhou. Die tak onder leiding van ds Joh Dreyer op Potchefstroom was besonder aktief. In Junie 1943 is deur dié tak verantwoordelikheid aanvaar om jaarliks £36 in te samel wat voldoende sou wees vir die traktement van een van die leraars op die sendingveld. In 'n brief van J van Melle aan ds Dreyer skryf hy dat die inspirerende voorbeeld van Potchefstroom weer aan al die betrokkenes nuwe moed gegee het (Van Melle 1943).

Die Sending-Vereniging het, net soos die Sendinggenootskap, nie groot dinge tot stand gebring nie. Dit het egter die deur na die sendingveld in Natal oopgehou en die groeiende getal predikante van die Kerk het nou van die werk bewus geraak en daarby betrokke begin raak. Dit sou bydra tot die belangrike wending in 1945.

4. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE EVANGELISASIEKOMMISSIE 1945–1951

Die jaar 1945 is 'n mylpaal deurdat die Algemene Kerkvergadering in dié jaar die eerste keer 'n besluit geneem het wat daarop neerkom dat die Kerk nou self sy sendingtaak ter hand neem. Die besluit van dié vergadering lui soos volg:

... Hierdie HE Algemene Vergadering wens by herhaling te beklemtoon dat hy ten volle bewus is van die taak en roeping van die Herv Kerk, as Kerk van Christus, om die evangelie tot die heidene te bring; dat die Herv Kerk egter deur verskillende omstandighede tot hiertoe nog nie sy volle aandag aan die evangelieprediking onder die heidene kon gee nie, 'n feit wat ons betreur en skuldig laat voel;

dat die tyd nou aangebreek het om die saak met die grootste erns aan te pak; en besluit om 'n kommissie te benoem om 'n skema uit te werk hoe die Kerk te werk moet gaan en om leiding in hierdie saak te gee en dat die bestaande genootskap voorlopig voortgaan met sy werk. Hierdie voorstel word met 115 stemme aangeneem ... (Ned Hervormde Kerk van Afrika 1945 = NHKA 1945).

Die besluit is voorafgegaan deur langdurige bespreking en gevolg deur 'n hele reeks teenstemme. Veral ds JGM Dreyer het hom skerp en ondubbelsinnig uitgelaat daaroor dat die Kerk nie langer sy roeping mag versuim of van hom afskuif nie. Kan 'n Kerk na 300 jaar nog sy hande in onskuld was ten opsigte van sy roeping? Die Kommunisme kan alleen gekeer word as die Kerk sy roeping besef. Ds Dreyer is sterk gesteun onder andere deur prof CH Rautenbach wat verklaar het dat hy altyd verras is oor die gesonde oordeel van kerklike vergaderings, as die inligting maar reg en goed is. Daar het 'n wanverhouding tussen Blank en Nie-Blank ontstaan. Hoe 'n groot deel van die verantwoordelikheid daarvoor dra ons self? Die Voortrekkers het in Afrika iets blywends ingedra. Andere kom hierheen, nie om iets hier in te dra nie, maar net om weg te neem.

As Evangelisasiekommissie is deur die vergadering benoem: ds Joh Dreyer (saamroeper), di AJG Oosthuizen, S Vermooten, JJ Prinsloo (G sn), LM le Roux, JJ Engelbrecht, FJ van Zyl, W van Bergen en CS van H Steenekamp.

Kort na die Algemene Kerkvergadering is 'n memorandum deur ds Joh Dreyer oor die Kerk se sendingwerk opgestel. Daarin gee hy eers 'n oorsig van die verloop van die werk in Natal sedert 1923. Daarna behandel hy die vraag van wie hierdie taak behoort uit te gaan en hoe die werk geleidelik by die Kerk ingeskakel moet word.

... Uit voorafgaande blyk duidelik dat die Ned Herv Kerk vir die evangelisering van die heidene is, maar teen bepaalde metodes en opvattings oor die sendingwerk is. Die vraag is nou van wie hierdie werk moet uitgaan.

Daar is drie maniere waarop sending gewoonlik gedoen word.

Die eerste is dat die werk uitgaan van 'n plaaslike gemeente (kerk), wat die leraar of evangelis beroep en alleen of in samewerking met 'n ander gemeente, onderhou. Hierdie metode steun op die outonomie van die plaaslike gemeente (**kerk**) en is daarom vir die Ned Herv Kerk nie aanneemlik nie. So is dit by die Geref Kerke.

Die tweede is dat die kerk van die evangelisering van die heidene uitgaan van en gedra word deur 'n Sendinggenootskap. Die kerk laat die taak dan oor aan sy lede en a wat daarvoor voel. So is bv deur die Londense en ook die Berlynse Sendinggenootskap sending gedryf in die verlede. Tot onlangs was dit ook die metode van die Hervormde Kerk van Nederland en tot nog toe ook van ons eie Kerk.

Hierdie metode is egter die kerk van Christus onwaardig. Die kerk mag immers sy aan hom toevertroude taak om die evangelie te verkondig aan die ganse mensdom nie afskuif op 'n genootskap of 'n ander liggaam nie. Doen die kerk dit tog is hy sy roeping ontrou.

Die derde metode is dat die evangelisering van die heidendom uitgaan van die kerk as sodanig. Dit is die metode wat met enkele uitsondering deur al die verskillende christelike kerke gevolg word. Die kerk moet self die verantwoordelikheid dra en dit as sy voorreg en eer beskou om soos Paulus van ouds die evangelie aan die heidene te gaan verkondig.

Die werk in Natal moet dus deur die Kerk officieel oorgeneem en gedra word en onder toesig van 'n Kommissie, in opdrag van die Kerk voortgeset en uitgebrei word. Hierdie Kommissie moet dan gereeld rapporte uitbring aan die Algemene Kommissie.

Wat die finansiering van die evangelisasie-arbeid betref, beveel ons aan:

- Dat in elke gemeente 'n Evangelisasie Kommissie gevorm word dat fondse insamel en belangstelling wek en,
- In elke Ring 'n Evangelisasie Kommissie saamgestel word wat leiding gee en toesig hou oor hierdie werk in die Ringsgemeentes.
- Elke gemeente stort vir die doel jaarliks die Pinksterdeurkollektes.
- Van elke gemeente word 'n jaarlikse vrywillige donasie gevra.

Onder die doelstellings noem ons net die volgende:

- (a) Die verkondiging van die evangelie aan die heidene volgens die belydenis en beginsels van die Ned Herv Kerk van Afrika.
- (b) Bearbeiding van die naturelle deur naturelle onder leiding van en toesig van die Kerk.
- (c) Die vorming en organisasie van Bantoe gemeentes tot 'n selfstandige Bantoe Kerk.
- (d) Die opleiding en ordening van evangeliste en leraars uit die naturelle vir hulle eie gemeentes ... (Dreyer 1945).

Die memorandum stel verder:

... Die taak om die evangelie tot aan die einde van die aarde te verkondig, mag nie die stiefkind van die kerk wees nie, maar dit is sy eintlike taak en sy eerste plig.

As 'n kerk net wil behou wat hy het, dan word hy 'n organisasie wat vir homself sorg en vir homself bestaan en dit is 'n kerk wat sy roeping verstaan om mee te deel en uit te dra wat hy ontvang het, onwaardig. So 'n kerk sal op die lang duur ophou om te bestaan as 'n christelike kerk. Dit sal al meer word 'n genootskap of 'n vereniging vir onderling algemene welsyn van sy lede. Toe die dissipels hulle taak om die evangelie verder uit te dra verontagsaam het, het eendelik die vervolgings losgebreek en hierdie kwaad het God genadiglik ten goede gekeer. Sy dissipels is immers uitgedryf uit Jerusalem en het die evangelie saam met hulle uitgedra na die heidenlande.

Moet ons Kerk langer wag tot God die gésel van Kommunisme gebruik om ons buite ons veilige kerkmure te dryf?

Mag ons langer baie van ons lidmate onder die indruk laat, dat ons Hervormde Kerk teen die evangelisering van die naturel is?

Mag ons langer vra watter standpunt ten opsigte van hierdie saak is populêr in die Kerk of moet ons vra, eers en voor alles, wat sê die Woord van God?

Ons het geen ander keuse as om die opdrag te aanvaar:

“Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom....”

Die eerste vergadering van die Evangelisasiekommissie is op 15 Junie 1945 in Pretoria gehou. Ds Joh Dreyer is as voorsitter verkies en ds JJ Engelbrecht as sekretaris. 'n Hele reeks beleidspunte is daarna uitgespel:

- 'n Aparte Christelike Bantoe Kerk sal gestig word onder voogdyskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
- In die sendingwerk sal gepoog word om die Bantoe binne sy stamverband te hou en hom nie kultureel te ontwortel nie.
- In gevalle waar reeds bestaande veelwywery voorkom by heidene wat die geloof aanneem, sal nie streng daarteen opgetree word nie, maar sal dit as voldonge feit toegelaat word om voort te duur.
- Ook die loblostelsel sal nie dadelik afgeskaf word nie.

- Die organisasie van die Bantoe Kerk sal geskoei word op die kerkreg van die Hervormde Kerk.
- 'n Blanke superintendent sal as skakel aangestel word. Hy sal reg hê tot die kansels van die Bantoe Kerk.
- Sendinggemeentes moet so gou moontlik selfstandig word en moet intussen bydraes lewer vir hulle eie onderhoud.
- Daar sal aansluiting gevind word by die bestaande sendingaksie in Zoeloeland. Dié sendingterrein moet so gou moontlik besoek word.
- Leraars sal voorlopig by bestaande inrigtings soos die Stofberg Gedenkskool opgelei word.
- Lede van die Kommissie moet hulleself deur leeswerk so gou en goed moontlik op hoogte kry ten opsigte van die resultate van die Sendingwetenskap (Evangelisasiekommissie 1945).

Hoewel daar niks skouspelagtigs plaasgevind het nie, was die jare 1945 tot 1951 en die werk van die Evangelisasiekommissie vir die Kerk se sendingwerk besonder belangrik. Die sendingwerk is as werk van die Kerk gevestig. Verskeie grondliggende sake het daadwerklik aandag gekry en die grondslag is gelê vir die wending en stroomversnelling wat in 1951 en daarna sou volg.

Die Evangelisasiekommissie het hom beywer om begrip en kennis vir die sendingwerk in die Kerk te kweek. Een van die negatiewe effekte van die Hervormde Kerk se sendingmetode was van die begin af dat die lidmate van die Kerk nie by die sendingwerk betrokke raak nie. Dié onbetrokkenheid van die kerkvolk by die Kerk se sendingwerk is ongelukkig vandag nog daar. Die Evangelisasiekommissie het van 1945 af gepoog om deur middel van omsendskrywes, artikels in *Die Hervormer* en voordragte op vergaderings, die predikante en lidmate by die werk betrokke te kry. Daar is gepleit vir finansiële steun en dat in elke gemeente 'n Kommissie benoem moes word om die saak te dien.

'n Ander saak wat dringend aandag moes kry, was dié van teologiese opleiding en 'n opvolger vir die afgeleefde leraar Andrew Mlaba. Daar is gesoek na jong Zoeloes vir opleiding, moontlik aan die Stofberg Gedenkskool. Voelers is ook na die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria uitgesteek vir moontlike hulp met die opleiding van leraars vir die Sendingkerk.

In 1945 het 'n predikant van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk in Natal, SP Mpanza, in 'n brief aan ds S Vermooten laat blyk dat hy moontlik 'n beroep na die Hervormde Kerk se sendingveld sou oorweeg. Dit loop daarop uit dat hy op 15 Junie 1947 as leraar van die

Hervormde Bantoe Kerk* in Natal bevestig is. Die koms van dié leraar sou aan die gang van die Kerk se sendingwerk besondere stimulus verskaf. Hy het 'n 4-jarige teologiese opleiding gehad, was beskeie en hardwerkend. Telkens is baie positief oor die gehalte van sy persoon en werk gerapporteer. Onder sy toesig het ook 3 evangeliste gewerk.

Op hierdie stadium was daar geen vergaderplek, geen pastorie en geen skoolgebou beskikbaar nie. Die Evangelisasiekommissie het stappe geneem om die kerkgebou te Lufafa van die American Mission Board terug te kry, indien nodig, deur 'n hofbevel. Leraar Mpanza se vrou het in 1948 met 'n klein skooltjie begin. Daar is ook beter na die versorging van die leraar gekyk. In 1948 het ds Joh Dreyer en oudl W Dreyer aan leraar Mpanza 'n perd, saal en toom geskenk.

Intussen het lede van die Evangelisasiekommissie die sendingveld gereeld besoek. Ds JP Labuschagne van Durban is op die Kommissie gekoöpteer en later ook ds WJ Kemp. Ds Labuschagne sou op tydelike basis as superintendent optree. Die **Hervormde Bantu Kerk*** is in 1949 deur die staat erken en geregistreer.

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1948 is, na aanleiding van die Evangelisasiekommissie se verslag, weer lank oor die sendingwerk gepraat. Daar was steeds sterk weerstand teen sending as kerkwerk, veral van die kant van ouderlinge. Verskeie predikante het egter die saak sterk bepleit. Ds JJ Engelbrecht het daarop gewys dat die vorige Algemene Kerkvergadering eintlik tot 'n skuld'belydenis oor dié saak gekom het en het gevra dat die Kerk verder net oor die beleid en metode van die werk kan praat. Ds Joh Dreyer het daarop gewys dat die Woord van God in hierdie saak nie aan die Kerk 'n keuse laat nie. 'n Kerk wat sy sendingopdrag nie uitvoer nie, is nie meer 'n Christelike Kerk nie. Die oordeel van God sal op die Kerk rus as hy sy plig versuim. Ds WJ Kemp het gesê die Kerk moet nou ophou om besware te soek. Ons vrees is 'n teken van ongeloof. Ds JP Labuschagne het daarop gewys dat daar al vir 25 jaar tot die Hervormde Kerk 'n stem kom: Kom help ons. Die Kerk mag dit nie langer uitstel nie. Hy het daarop gewys dat die Zoeloes self die werk wil doen en geen begeerte het tot verbroedering nie. Die werk het so ver gevorder dat hulle uit eie beweging grond vir 'n kerkgebou wil koop. Hulle is heilbegerig. Die Kerk mag nie koue water op hulle geesdrif gooi nie.

Eindelik het die Vergadering soos volg besluit: 'Die H E Vergadering

* Spelling volgens notule

dra die Evangelisasiekommissie op om met die werk aan te gaan en 'n uitgewerkte skema en beleid voor te lê by die volgende vergadering' (NHKA 1948).

Sedert 1945 was die opdrag aan die Evangelisasiekommissie om aandag te gee aan die werk onder sowel die Nie-Blankes asook die Asiate, Jode en ontkerstende Blankes. Op sy laaste byeenkoms voor die Algemene Kerkvergadering van 1951 het die Kommissie besluit om te vra dat die werk van evangelisasie onder die Blankes voortaan geskei sou word van die werk onder die Nie-Blankes.

5. 'N NUWE TYDPERK

Die jaar 1951 het sonder twyfel 'n nuwe tydperk vir die Nederduitsch Hervormde Kerk se sendingwerk ingelui. Gedurende dié jaar is die latere so omstrede motivering tot Artikel III tydens die Algemene Kerkvergadering in die Kerkwet opgeneem (NHKA 1951). Die Artikel beperk enersyds die lidmaatskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk tot Blankes, maar omskryf daarnaas ook die Kerk se sendingbeleid. Dié beleid is ook in die verdere bepaling tot die Kerkwet volledig omskryf. In die breë kom dit daarop neer dat, terwyl die Kerk geen vermenging (in 1951 nog geformuleer as gelykstelling) in sy midde wil toelaat nie, beoog hy die stigting van ander volkskerke onder die verskillende volksgroepe.

Hierdie Artikel van die Kerkwet het deur die jare die skuld vir baie dinge gekry, onder andere dat dit misbruik is deur lidmate wat die Kerk se sendingwerk nie goedgesind is nie. Aan die ander kant moet egter nie misgekyk word nie dat dit juis na die formulering van dié Artikel in die Kerkwet van 1951 was, dat die Kerk se sendingwerk werklik op dreef begin kom het. Dit is ongetwyfeld naas ander faktore ook te wyte aan die feit dat die sendingwerk nou as werk van die Kerk op 'n goed geordende en duidelik geformuleerde basis aangepak is. Dit het waarskynlik gerusstelling in die gemoed van baie lidmate van die Kerk gebring oor hoe en wat die Kerk met sy sendingwerk beoog het en wat nie.

Waar dit voor 1951 veral ds Joh Dreyer was wat met 'n fiere en onbuigsame houding, asook helder formulering, die Kerk se sendingwerk gefundeer en bevorder het, daar was dit na 1951 prof PS Dreyer. Hy is in 1954 die eerste keer op die Raad vir die Arbeid onder die Nie-Christelike Volke verkies. In 1957 het hy voorsitter van dié liggaam geword; 'n posisie wat hy tans nog beklee.

Die vorming van 'n nuwe Raad vir die Arbeid onder die Nie-Christelike Volke was die direkte uitvloeisel van 'n wye reeks besluite en formulerings oor sending tydens die Algemene Kerkvergadering van 1951. Daar is onder andere ook besluit om gemeentes te versoek om voortaan hulle Pinkster-eredienskollekte vir die sending aan te stuur.

Tydens die eerste vergadering van die nuwe Raad op 13 Junie 1951 is ds WJ Kemp as voorsitter verkies en ds FJ van Zyl as sekretaris. Ander lede van die Raad was di Joh Dreyer, JP Labuschagne, JH van Staden, GJ van Jaarsveld en GPJ Grobler. Ds Kemp sou voorsitter bly tot 1954 waarna ds Joh Dreyer weer vir een termyn sou oorneem tot met die verkiesing van prof Dreyer in 1957.

Terwyl die fundering van die sending en die beleid van die Kerk teen 1951 in hoofsaak geformuleer was, het daar nou 'n ander gewelddige taak gewag: Om vanuit die klein en beskeie begin in Natal te werk in die rigting van die totstandkoming van 'n selfstandige Hervormde Kerk onder die swart volke in Suid-Afrika. Hoewel dié ideaal eers in 1977 in vervulling sou gaan met die selfstandigwording van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, sou die basis teen 1967 reeds stewig gelê wees. In dié jaar is ds JAP van Tonder aangewys om as visevoorsitter van die Sendingraad die werk van koördinering en organisering van die sendingwerk by prof PS Dreyer oor te neem (Coetzee 1967).

Van die dringendste take wat in 1951 op die nuwe raad gewag het, was die formulering van 'n Kerkwet vir die Sendingkerk, deeglike organisering van dié Kerk se sake, asook die kwessie van opleiding.

In 1952 is die naam van die Kerk amptelik in Zoeloe vasgestel as Isono Lempenduko lika Kristu (Kerk van die Hervorming). Daar is weer besluit dat die lobolostelsel gehandhaaf moet word en dat daar geen dwang ten opsigte van monogamie uitgeoefen sal word nie. In 1952 is 'n besoek deur die lede van die Raad aan die Sendingkerk in Natal gebring. Die verslag wat na die besoek en 'n ontmoeting met Mpanza uitgebring is, rapporteer soos volg:

Eerwaarde Mpanza het die vergadering met gebed afgesluit. Ons het daar weggegaan met die gevoel dat ons besoek tot versterking en bemoediging van Mpanza en sy kerkraad gedien het. Die Raad self het meer as ooit onder die indruk van die gewigtigheid van sy taak gekom. Miskien was hierdie gesamentlike vergadering 'n historiese moment wat in die annale van die Isono Lempenduko lika Kristu eendag as 'n rooiletterdag aangeteken sal word (Raad vir die Arbeid onder Nie-Christelike Volke 1952).

Gedurende April 1956 is weer 'n besoek aan die verskillende gemeentes gebring met die uitsluitlike doel om behoorlike aandag aan administrasie en organisasie te gee. In dieselfde jaar is 'n boukommissie saamgestel onder voorsitterskap van dr PS Dreyer om bousake vir die Sendingkerk te behartig. In dié Kommissie het onder andere prof PJ Coertze en mnr Hendrik Vermooten as argitek gedien.

Die ander saak van dringende belang was teologiese opleiding. Aanvanklik is gemeen dat lede van die Raad gesamentlik die opleiding sou behartig. Op 'n stadium is ds WJ Kemp as dosent aanbeveel teen 'n salaris van £50. Nadat hy bedank het as lid van die raad, is dr PS Dreyer benoem om as dosent in medewerking met die teologiese professore en predikante van die Kerk die opleiding te behartig. In dié tydperk is P Zulu opgelei en in Natal bevestig.

Die groot probleem met die sendingaksie van die Kerk het steeds op finansiële vlak gelê. Verskeie versoeke om met sendingwerk in ander gebiede te begin, moes om dié rede van die hand gewys word, onder andere vanaf Vryburg en uit Rhodesië. Telkens moes besluit word om liewer meer aandag aan konsolidasie van die bestaande arbeid as aan verdere uitbreiding te gee.

Gereelde besoeke is deur dr PS Dreyer aan die sendingveld in Natal gebring. Op sy aandrang is geleidelik met sendingwerk onder die Sotho's begin. Die eerste gebiede was te Vlakfontein (tans Mamelodi) en Saulsville naby Pretoria; later ook op Vereeniging en Potchefstroom en in die OVS, veral in Bloemfontein. Dit was veral die leraars Moses Moremane en Aaron Modiboa wat op dié vroeë stadium hier voortreflike werk gedoen het.

Benewens die verskaffing van doop- en lidmaatregisters aan die gemeentes is gewerk aan 'n liturgiese handleiding en formuliere; 'n Kortbegrip asook 'n ondertekeningsformulier vir die Sendingkerk.

In 1961 het die saak van die opleiding 'n groot stoot vorentoe gekry met die aanstelling van prof HP Wolmarans as dosent te Turfloop. Daar is besluit dat die opleiding saam met die Ned Geref Kerk aan die Stofberg Teologiese Skool sou geskied.

Die sendingwerk het egter ook sy ernstige groeipyne geken. Verskeie kere moes dit blyk dat die motiewe van leraars of groepe lidmate wat van ander kerke af oorgekom het, nie oreg was nie. Daar het ook 'n mate van stryd tussen die Zoeloes en Sotho's ontstaan. Terwyl die Zoeloes 'n eie kerk begeer het, het die Sotho's op een Bantoekekerk bly aandrang (Raad vir die Arbeid onder Nie-Christelike Volke 1961). Die Raad self was steeds ten gunste van etniese groepering.

Die Raad het ook geoordeel dat Artikel III van die Kerkwet slegs gehandhaaf kon word indien groter offerbereidheid, veral ten opsigte van die finansiële nood, uit die blanke Kerk sou kom. Skrywes met hierdie strekking is herhaaldelik aan kerkrade gestuur (Raad vir die Arbeid onder Nie-Christelike Volke 1962).

'n Belangrike ontwikkeling wat die sendingwerk gunstig beïnvloed het, was 'n besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in 1962 wat die organisering van die sendingwerk ringsgewyse goedgekeur het (Algemene Raad vir die Kerstening van die Nie-Christelike Volke 1963). Dié besluit was 'n uitvloeiing van die aanbevelings van 'n buitengewone Predikantevergadering wat in Mei 1962 in Pretoria gehou is en waar deurdringend oor die nood ten opsigte van die sendingwerk gehandel is.

Tydens die Predikantevergadering is voordragte deur prof AD Pont ('Sekere kerkregtelike probleme in verband met die Kerstening van die Nie-Christelike volke') prof FJ van Zyl ('Die Sendingopdrag – prinsipiële gesien') en prof PS Dreyer ('Die praktiese probleme in verband met die kersteningwerk onder die Bantoe') gelewer (Algemene Raad vir die Kerstening van die Nie-Christelike Volke 1964).

Volgens die besluit van die Algemene Kommissie is 'n nuwe Algemene Raad vir die Kerstening van die Nie-Christelike Volke in die lewe geroep. Die Raad sou bestaan uit 'n superintendent, aangewys deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, wat as voorsitter van die Raad sou optree; die administrateur van die Kerk wat ampshalwe as sekretaris van die Raad sou dien; verder die Ringsuperintendente wat deur die onderskeie Ringsvergaderings gekies moes word.

Die spesiale Predikantevergadering van Mei 1962 het ook aanbeveel dat die hele sendingaksie voortaan op 'n kerklike begrotingsbasis gedoen sou word. Daar is verder Ringsrade vir die kersteningswerk in die lewe geroep.

Teen 1964 het die situasie in die Sendingkerk soos volg daar uitge-sien:

1. NATAL:

Daar was 4 standplase, t.w. Ixopo, Harding, Bulwer en High Flats met ong 2 000 lidmate.

Leerkragte: Die leraars was: Mpanza, Mbonwa, Mcunu en Zulu met 6 evangeliste wat onder hulle toesig gewerk het.

Eiendomme: 3 kerkgeboue en grond in Durban.

Arbeidsveld: In oorlog met die Nederduitse Gereformeerde Kerk is die volgende gebiede aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika toegesê: Ixopo, Polela, Umzinto en Alfred.

2. TRANSVAAL:

Standplase: Sharpeville, Tembisa (Kaalfontein), Geelbeksvei (Settlers), Vlakfontein (twee), Atteridgeville, Hammanskraal, Orlando, Meadowlands, Welverdiend-Carletonville, Dobsonville (Roodepoort) en Potchefstroom met 2 700 lidmate.

Leerkragte: Leraars M Moremane, D Makgabo, A Bokaba, evangeliste F Mothiba, A Modiboa, K Letsoalo, C Mokaba, A Mdabe en Ramitsane. Hierdie groep is deur 6 helpers bygestaan.

3. ORANJE-VRYSTAAT

Standplase: Kroonstad met Bloemfontein, De Wetsdorp, Arlington, Koppies, Thaba'Nchu, Parys, Sasolburg en Welkom as kerkplekke. Te Bloemfontein was daar ongeveer 300 lidmate met groepies van 10 tot 60 in die ander gebiede.

Leerkragte: Leraar L. Tsoai.

Evangelis J Mokhali en een helper (Algemene Raad vir die Arbeid onder die Nie-Christelike Volke 1964).

Hieruit blyk 'n bestendige groei wat daar sedert die middel van die jare vyftig in die Sendingkerk begin kom het. Die nuwe werkwyse, naamlik om die werk ringsgewyse te doen en gemeentes ringsgewyse vir die sendingwerk finansieel aan te slaan, het ook spoedig ryke vrugte gelewer. In 1963 was die bydrae vir sending uit die Kerk R10 690; in 1964 was dit R15 535 en vir 1965 R18 222. Hierdie groei het onder andere daartoe gelei dat daar in 1967 vir die eerste keer eenvormige traktementskale vir leraars en evangeliste in die Bantoekekerk ingestel kon word.

'n Verdere belangrike fase in die groei en ontwikkeling van die Sendingkerk onderweg na selfstandigheid het in 1964 ingetree. Op die 12de November van dié jaar is 'n byeenkoms van alle dienaars van die Woord van die Bantoe Hervormde Kerk in Transvaal en die Vrystaat in die swart woongebied Dobsonville gehou. Die byeenkoms is byeenge-roep deur die Dagbestuur van die Sentrale Raad onder voorsitterskap van ds CG Botha. Ds Botha het op dié tydstip as voorsitter en superintendent vir sendingwerk waargeneem in die plek van prof Dreyer wat op langverlof was. As uitvloeisel van die byeenkoms van swart die-

naars van die Woord het die Sentrale Raad op 1 Desember 1964 besluit om die Sendingkerk op die volgende wyse in drie Ringe te verdeel: verdeel:

1. Die Noordelike Ring, dit wil sê die hele gebied van Johannesburg af noordwaarts.
2. Die Westelike Ring, dit wil sê die hele gebied van Johannesburg af suid- en weswaarts met insluiting van die Oranje-Vrystaat.
3. Die Oostelike Ring, dit wil sê die hele Natalse gebied (Sentrale Raad vir die Kerstening van die Nie-Christelike Volke 1964).

Daar is verder besluit dat die Sentrale Raad die Ringsvergaderings die volgende jaar moet byeengeroep word om hulle aan die werk te kry.

Intussen het die Algemene Kerkvergadering van 1964 die herorganisasie van die Kerk se sendingwerk op ringsbasis goedgekeur en besluit om die gemeentes van die Kerk ringsgewyse aan te slaan teen 'n minimum van 18 sent per lidmaat vir sendingwerk (Oberholzer 1964).

In 1965 het die kerkregtelike ordening in die Sendingkerk 'n belangrike mylpaal bereik toe, na jare se werk en afwagting, 'n kerkwet vir die Kerk aanvaar is (Sentrale Raad vir die Kerstening van die Nie-Christelike Volke 1965). Dit is gretig en dankbaar deur die swart leraars en evangeliste in ontvangs geneem.

In 1966 is ds JG du Plessis as opvolger van prof HP Wolmarans as dosent aan die Stofberg Teologiese Skool te Turfloop benoem. Hy het op 1 Januarie 1967 diens aanvaar. Daar is steeds sterk gevoel dat opleiding van predikante ook in Natal noodsaaklik is. Jarelange onderhandelinge met die owerhede oor die moontlikheid van opleiding aan die Universiteitskollege van Zoeloeland wou egter nie iets oplewer nie. Na ds Du Plessis se tragiese dood in 'n motorongeluk gedurende 1968 is hy as dosent opgevolg deur dr DJ Booysen.

Gedurende 1967 is nog 'n baie lank gekoesterde ideaal bereik toe in beginsel besluit kon word om 'n voltydse superintendent vir sendingwerk aan te stel. Ds JAP van Tonder is as vise-voorsitter van die Sentrale Raad in die hoedanigheid benoem, hoewel hy voorlopig ook nog met sy gemeentewerk sou voortgaan. Hoewel prof PS Dreyer as voorsitter van die Sentrale Raad sou voortgaan, het hierdie ontwikkeling die einde beteken van 'n lang tydperk waarin hy met onbaatsugtige ywer en getrouheid op tydelike basis die werk van superintendent vir die sendingwerk behartig het. Teen 1967 was die basis vir die selfstandigwording van die Sendingkerk in 1977 stewig gelê.

Vir die doeleindes van hierdie artikel en Aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies*, word met hierdie oorsig van die Nederduitsch Hervormde Kerk se sendingwerk vanaf 1928 volstaan. Soos aan die begin van die artikel aangedui is, hanteer prof SJ Botha in *Die Almanak* (1987) die tydperk vanaf 1967.

Voordat enkele slotopmerkings gemaak word, word die aandag nou gevestig op 'n paar studiestukke en artikels waarin daar na 1951 deur verskeie Hervormde teoloë oor die sendingtaak en fundering gehandel is.

Soos reeds opgemerk, was die Kerk se sendingbeleid teen 1951 in hoofsaak geformuleer. Na 1951 was dit veral noodsaaklik om die Kerk en sy lidmate op te skerp tot offerbereidheid en betrokkenheid by die sending, en ook die beleid verder te verduidelik. 'n Paar teoloë in die Kerk het dié taak met volharding verrig: ds WJ Kemp, dr Joh Dreyer, proff FJ van Zyl, JP Oberholzer en PS Dreyer, dr PG Geertsema (Van Wyk 1978: 143–185). Dit was egter veral prof PS Dreyer wat met geskrif en daad, teen alle weerstand in, deurgedryf het en 'n onuitwisbare bydrae gelewer het tot wat eindelik in 1977 tot stand sou kom.

Dit is nodig dat die Nederduitsch Hervormde Kerk vandag opnuut sal besin oor sy opdrag. Terwyl hy homself steeds Kerk van Afrika noem, moet hy terselfdertyd konstateer dat hy nêrens in Afrika inheems kon word nie. Hy moes onttrek uit Oos-Afrika en Zambië en is besig om uit Zimbabwe pad te gee. Is dit nie juis nou tyd om 'n stuk skuld uit die verlede te betaal deur saam met die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika 'n sendingaksie in Zimbabwe te begin nie? Wat gaan gedoen word met die kerkgeboue en pastorieë wat daar leeg staan? Is blote voortgaande hulp en bystand aan die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika nog wesenlike uitvoering van sy sendingopdrag? En is dit nie hoog tyd dat die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika self met sendingwerk begin nie?

Die Kerk ly steeds onder die beskamende onbetrokkenheid van 'n baie groot persentasie van sy lidmate by die sendingwerk. Dit is steeds nodig dat die Kerk luister na die skerp, maar liefdevolle vermaning van dr PG Geertsema uit die jaar 1953: (Dr Geertsema is op 28 April 1986 oorlede.)

Wanneer sal ons kerk verstaan dat sendingwerk die uitvoering van 'n goddelike roeping is en dat ons kerk sal staan of val by die wel- of nie-uitvoering van hierdie roeping? Ons leef as kerk te veel by die verlede (let maar op die gedurige feesvierings) en ons sien te min uit

na die toekoms. Ons kla tereg oor leë kerke en oor geestelike oppervlakkigheid. Kan ons dan die seën van God ver wag as ons so in ongehoorsaamheid aan die sendingbevel voortgaan? Laat ons nie bang wees vir mense nie, maar laat ons vrees vir die wraak van God (Geertsema 1953: 157).

Literatuurverwysings

- ALGEMENE RAAD VIR DIE KERSTENING VAN DIE NIE-CHRISTELIKE VOLKE 1963. Notule van 13 Augustus 1963. Argief Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- COETZEE, TP 1967. Brief van 29 Augustus 1967 aan al die Ringsuperintendente. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- DREYER, Joh 1945. Memorandum oor die evangelisering van die heidene. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- EVANGELISASIEKOMMISSIE 1945. Notule van 'n vergadering van 15 Junie 1945. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- FOURIE, HCM 1927. Verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- GEERTSEMA, PG 1953. Hervormde Kerk ontwaak! in Van Wyk 1978: 154–158.
- LABUSCHAGNE, JH 1942. Verslag van 5 Desember 1942 aan die Nederduitsch Hervormde Evangelisasie Vereniging. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- NEDERDUITSCH HERVORMDE SENDINGGENOOTSKAP 1929. Akte van Oprigting. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- NEDERDUITSCH HERVORMDE SENDINGGENOOTSKAP 1930. Notule van 'n vergadering van die Hoofbestuur, 10 Januarie 1930. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- NEDERDUITSCH HERVORMDE SENDINGGENOOTSKAP 1931. Notule van 'n vergadering van aandeelhouders op 7 April 1931. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA. ALGEMENE KERKVERGADERING 1945. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1945. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA. ALGEMENE KERKVERGADERING 1948. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1948. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA. ALGEMENE KERKVERGADERING 1951. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1951. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- OBERHOLZER, JP 1964. Brief van 21 Oktober 1964 aan alle Ringe en Kerkrade. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- RAAD VIR DIE ARBEID ONDER DIE NIE-CHRISTELIKE VOLKE 1952. Notule 19 Februarie 1952. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- RAAD VIR DIE ARBEID ONDER DIE NIE-CHRISTELIKE VOLKE 1961. Notule 12 Mei 1961.
- RAAD VIR DIE ARBEID ONDER DIE NIE-CHRISTELIKE VOLKE 1962. Notule 16 Februarie 1962.
- RAAD VIR DIE KERSTENING VAN DIE NIE-CHRISTELIKE VOLKE 1964. Verslag aan die Algemene Kerkvergadering op 23 April 1964. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

- SENTRALE RAAD VIR DIE KERSTENING VAN DIE NIE-CHRISTELIKE VOLKE 1964. Notule 1 Desember 1964. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- SENTRALE RAAD VIR DIE KERSTENING VAN DIE NIE-CHRISTELIKE VOLKE 1965. Notule 17 Junie 1965. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- VAN DER WESTHUIZEN, HG 1969. Die aanvanklike houding van die Nederduitsch Hervormde Kerk ten opsigte van sending histories-krities nagegaan. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- VAN MELLE, J 1935. Brief van 7 Augustus 1943 aan ds Joh Dreyer. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- VAN MELLE, J 1935. Ontstaan en bedoeling van die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap. Pretoria: Koomans.
- VAN WYK, DJC 1978. Stemme uit die verlede: Volkereverhoudings in Suid-Afrika. Pretoria: HAUM.
- VERMOOTEN, S 1928. Brief van 8 November 1929 aan ds LE Brandt. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- VERMOOTEN, S 1928. Brief van 15 November aan WJ Gehle en CJ du Preez. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- VERMOOTEN, S 1930. Brief van 7 Julie 1930 aan ds AM Hofmeyer. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- VERMOOTEN, S 1938. Brief van 6 April 1938 aan dr HCM Fourie. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.